SÊ JOU SÊ!

# KONSEP-RUIMTELIKE-BIODIVERSITEITSPLAN VIR KAAPSTAD, 2025

Die Stad se departement omgewingsbestuur is besig met die bywerking van die biostreekplan, in 2015 as Raadsbeleid aangeneem, en die verandering van die naam na die ruimtelikebiodiversiteitsplan vir Kaapstad, 2025. Hierdie konsepbeleid bestaan uit ’n profiel van Kaapstad se biodiversiteit, die Kaapstadse bionet, 2024 en die gepaardgaande grondgebruikriglyne.

**Die beleid moet om drie hoofredes bygewerk word:**
1. Om met die Kaapstad-bionet, 2024 in pas te wees
2. Om met bygewerkte wetgewing, ander beleide en strategieë in pas te wees
3. Om die naam van die beleid te verander om met die Wes-Kaapse Wet op Biodiversiteit, 2021 in pas te wees

Hierdie konsepbeleid is in pas met nasionale en provinsiale wetgewing asook internasionale biodiversiteitsverbintenisse. Dit is in pas met die Stad Kaapstad se geïntegreerde ontwikkelingsplan vir 2022-2027, die raamwerk vir munisipale ruimtelike ontwikkeling, 2023 en ag raamwerke vir distriks- ruimtelike ontwikkeling, 2023.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om vanaf 13 Februarie 2025 tot 13 Maart 2025 kommentaar aan die munisipaliteit voor te lê.

**Kommentaar kan voorgelê word per:**
**E-pos:** public.participation@capetown.gov.za
**Aanlyn:** www.capetown.gov.za/haveyoursay
**Skriftelike voorlegging:** Stadsbiblioteke en subraadskantore

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat gestrem is en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help om hulle besware aan te teken en aan die Stad voor te lê. Kontak die eenheid vir openbare deelname by 0800 212 176 om hulp met die indiening van jou kommentaar te vra.

**Vir algemene navrae, stuur ’n e-pos aan Enviro.GIS@capetown.gov.za.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA16/2025**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**